

**8 Desember**

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 2:28-3:10**

**Fokusgedeelte: 1 Johannes 3:10**

### **Wandel as kinders van God**

Johannes noem die gelowiges “kinders van God”. In die begrip ‘kind’ sit die gedagte: van dieselfde natuur as dié van die ouers. So het elke gelowige die lewe wat uit God is. Hulle is uit God gebore (vs 9). Johannes plaas twee groepe skerp teenoor mekaar: die kinders van God en die kinders van die duiwel. Daar is ‘n geweldige teenstelling. Beide groepe laat hulle lei deur ‘n bepaalde beginsel. God se kinders word gelei deur die saad van God. Dit is die nuwe lewensbeginsel ingeplant in hul harte deur die Heilige Gees. Die kinders van die duiwel laat hulle lei deur ‘n duiwelse beginsel (Ef 2:1-3). Beide groepe is in die lewe van elke dag baie duidelik te onderskei. Let maar op hul lewenspatroon – so skrywe Johannes. Die kinders van die duiwel word gekenmerk deur wetteloosheid (vs 4), haat (vs 15), liefdeloosheid, ‘n Kaïn-gees (vs 12). Die kinders van God vertoon ‘n nuwe lewenswandel. Johannes noem twee eienskappe. Hulle lewe regverdig en hulle het die broeders lief. Hulle doen wat reg is en hulle betoon liefdadigheid. Johannes plaas regverdigheid naas liefde. Dit is nie ‘n teenstelling nie. Liefde is tegelyk ook regverdigheid, naamlik regverdigheid ten opsigte van die naaste. Die lewenswandel van God se kinders word gekenmerk deur opregtheid, eerlikheid en hulpvaardigheid. Hulle ervaar die gemeenskap met God en as vrug daarvan ook die gemeenskap van die heiliges.

*Sing: Skrifbelyning 33:1*

*Prof L Floor (Emeritus)*